MENIKO

DIE PROVINSIE TRANSVAAL
Buitengewone Offisiële Koerant.
(As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer)

THE PROVINCE OF TRANSVAAL
Official Gazette Extraordinary.
(Registered at the Post Office as a Newspaper)

VOL. CLXXX.] PRYS 5c. PRETORIA, 27 MAART 27 MARCH 1962. PRICE 5c. [No. 2958.

No. 95 (Administrateurs-), 1962.]

PROKLAMASIE

DEUR SY EDELE DIE ADMINISTRATEUR VAN DIE PROVINSIE TRANSVAAL.

Nademaal die Ordonnansie op Middele (Deel 1962/63), 1962, deur die Provinsiale Raad van Transvaal aangeneem is;

En nademaal die Staatspresident-in-rade ingevolge artikel *nege-en-tagtig* van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1961, in genoemde Ordonnansie toegestem het;

En nademaal by artikel *negentig* van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1961, aan my die bevoegdheid verleen word om 'n ordonnansie, waarin die Staatspresident-in-rade toegestem het, af te kondig;

So is dit dat ek hierby genoemde Ordonnansie, wat hieronder gedruk is, afkondig.

Gegee onder my Hand te Pretoria, op hede die Sewe-en-twintigste dag van Maart Eenduisend Negehonderd Twee-en-sestig.

S. G. J. VAN NIEKERK,
Waarnemende Administrateur van die Provinsie Transvaal.

T.A.A. 3/1/52/7.

ORDONNANSIE No. 1 VAN 1962.

(*Toestemming verleen op 24 Maart* 1962.)

(*Engelse eksemplaar deur die Staatspresident onderteken.*)

'N ORDONNANSIE

Tot aanwending van 'n bedrag van hoogstens R43,000,000 op rekening van die dienste van die Provinsie Transvaal gedurende die jaar wat eindig op die 31ste dag van Maart 1963.

DIE Provinsiale Raad van Transvaal VERORDEN AS VOLG:—

R41,000,000 kan uit die Provinsiale Inkomstefonds uitgegee word.

1. Op en na die 1ste dag van April 1962 kan uit die Provinsiale Inkomstefonds sodanige bedrae uitgegee word, wat altesaam hoogstens een-en-veertigmiljoen rand bedra, as wat van tyd tot tyd nodig mag word vir die diens van die Provinsie vir die jaar wat eindig op die 31ste dag van Maart 1963 tot tyd en wyl die Raad daarvoor voorsiening maak in 'n Middele-ordonnansie.

Uitgifte kragtens artikel 1 beskou te word as voorlopige voorskotte.

2. Alle bedrae wat kragtens die bepalings van artikel *een* van hierdie Ordonnansie uitgegee word, word beskou as voorskotte op rekening van toekennings gedoen te word in 'n Middele-ordonnansie vir die jaar wat eindig op die 31ste dag van Maart 1963 en dadelik by die inwerkingtreding van sodanige Middele-ordonnansie, hou vermelde bepalings op om van krag te wees, en uitgifte wat reeds kragtens hierdie bepalings geskied het, word dan beskou as uitgifte kragtens daardie Middele-ordonnansie en moet verantwoord word ooreenkomstig die bepalings daarvan: Met dien verstande dat geen dienste ten aansien waarvan die uitgawe nie behoorlik kragtens 'n Middele-ordonnansie gedurende die boekjaar wat eindig op die 31ste dag van Maart 1962 gemagtig is nie, of waartoe daar geen wetlike magtiging bestaan nie, beskou moet word as gemagtig kragtens hierdie Ordonnansie nie.

No. 95 (Administrator's), 1962.]

PROCLAMATION

BY THE HONOURABLE THE ADMINISTRATOR OF THE PROVINCE OF TRANSVAAL.

Whereas the Appropriation (Part 1962/63) Ordinance, 1962, has been passed by the Provincial Council of Transvaal;

And whereas the State President-in-Council has, in terms of the provisions of section *eighty-nine* of the Republic of South Africa Constitution Act, 1961, assented to the said Ordinance;

And whereas power is vested in me by section *ninety* of the Republic of South Africa Constitution Act, 1961, to promulgate an Ordinance assented to by the State President-in-Council;

Now, therefore, I do hereby promulgate the said Ordinance, which is printed hereunder.

Given under my Hand at Pretoria on this Twenty-seventh day of March, One thousand Nine hundred and Sixty-two.

S. G. J. VAN NIEKERK,
Deputy-Administrator of the Province of Transvaal.

T.A.A. 3/1/52/7.

ORDINANCE No. 1 OF 1962.

(*Assented to on 24th March*, 1962.)

(*English copy signed by the State President.*)

AN ORDINANCE

To apply a sum not exceeding R43,000,000 on account for the service of the Province of Transvaal during the year ending on the 31st day of March, 1963.

BE IT ENACTED by the Provincial Council of Transvaal as follows:—

R41,000,000 may be issued from the Provincial Revenue Fund.

1. On and after the 1st day of April, 1962, there may be issued from the Provincial Revenue Fund such sums of money, not exceeding in the aggregate the sum of forty-one million rand, as may from time to time be required for the service of the Province in respect of the year ending on the 31st day of March, 1963, until such time as provision is made therefor by the Council in an Appropriation Ordinance.

Issues under section 1 to be deemed advances in anticipation.

2. All sums issued under the provisions of section *one* of this Ordinance, shall be deemed to be advances on account of grants to be made in an Appropriation Ordinance for the year ending on the 31st day of March, 1963, and immediately on the commencement of such Appropriation Ordinance, the said provisions shall cease to have effect, and issues already made thereunder shall be deemed to be issues under that Appropriation Ordinance and shall be accounted for in accordance with the provisions thereof: Provided that no services upon which expenditure has not been duly authorized under an Appropriation Ordinance during the financial year ending on the 31st day of March, 1962, or for which there is no statutory authority shall be deemed to be authorized under this Ordinance.

Fonds vir Groot Paduitrusting belas met som van hoogstens R2,000,000.

3. Die Fonds vir Groot Paduitrusting word hiermee belas met sodanige bedrae geld as wat nodig mag wees vir die aankoop van groot paduitrusting gedurende die jaar eindigende die 31ste dag van Maart 1963, maar wat altesaam hoogstens tweemiljoen rand bedra, tot tyd en wyl sodanige verdere voorsiening daarvoor deur die Raad gemaak word by wyse van 'n Middele-ordonnansie.

Kort titel.

4. Hierdie Ordonnansie heet die Ordonnansie op Middele (Deel 1962-63), 1962.

Major Road Plant Fund charged with sum not exceeding R2,000,000.

3. The Major Road Plant Fund is hereby charged with such sums of money as may be required for the purchase of major road plant during the year ending on the 31st day of March, 1963, not exceeding in the aggregate the sum of two million rand until such time as further provision may be made therefor by the Council in an Appropriation Ordinance.

Short Title.

4. This Ordinance shall be called the Appropriation (Part 1962-63) Ordinance, 1962.

No. 96 (Administrateurs-), 1962.]

PROKLAMASIE

DEUR SY EDELE DIE ADMINISTRATEUR VAN DIE PROVINSIE TRANSVAAL.

Nademaal die Ordonnansie op Ongemagtigde Uitgawe (1959/60), 1962, deur die Provinsiale Raad van Transvaal aangeneem is;

En nademaal die Staatspresident-in-rade ingevolge artikel *nege-en-tagtig* van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1961, in genoemde Ordonnansie toegestem het;

En nademaal by artikel *negentig* van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1961, aan my die bevoegdheid verleen word om 'n ordonnansie, waarin die Staatspresident-in-rade toegestem het, af te kondig;

So is dit dat ek hierby genoemde Ordonnansie, wat hieronder gedruk is, afkondig.

Gegee onder my Hand te Pretoria, op hede die Sewe-en-twintigste dag van Maart Eenduisend Negehonderd Twee-en-sestig.

S. G. J. VAN NIEKERK,
Waarnemende Administrateur van die Provinsie Transvaal.

T.A.A. 3/1/52/6.

ORDONNANSIE No. 2 VAN 1962.

(*Toestemming verleen op 24 Maart* 1962.)

(*Afrikaanse eksemplaar deur die Staatspresident onderteken.*)

'N ORDONNANSIE

Tot aanwending van 'n verdere bedrag geld vir die diens van die Provinsie Transvaal gedurende die jaar geëindig op die 31ste dag van Maart 1960 om sekere ongemagtigde uitgawe te bestry en te dek.

DIE Provinsiale Raad van Transvaal VERORDEN AS VOLG:—

Provinsiale Inkomstefonds belas met R586,864.56

1. Die Provinsiale Inkomstefonds word hierby belas met 'n bedrag van vyfhonderd ses-en-tagtigduisend agthonderd vier-en-sestig rand en ses-en-vyftig sent om sekere uitgawe, bo en behalwe die bedrag toegestaan vir die diens van die Provinsie vir die jaar geëindig op die 31ste dag van Maart 1960, te bestry. Hierdie uitgawe word uiteengesit in die Bylae by hierdie Ordonnansie en word nader omskryf op bladsy 28 van die Verslag (wat aan die Provinsiale Raad voorgelê is) van die Provinsiale Ouditeur oor die Rekenings vir genoemde jaar.

Kort titel.

2. Hierdie Ordonnansie heet die Ordonnansie op Ongemagtigde Uitgawe (1959-60), 1962.

BYLAE.

No. van Begrotingspos.	Titel van Begrotingspos.	Bedrag.
	(Op Inkomsterekening.)	R
1	Algemene Administrasie	167,314.26
7	Natuurbewaring	6,783.12
8	Biblioteekdienste	4,796.02
9	Werke	407,971.16
	TOTAAL	R 586,864.56

No. 96 (Administrator's), 1962.]

PROCLAMATION

BY THE HONOURABLE THE ADMINISTRATOR OF THE PROVINCE OF TRANSVAAL.

Whereas the Unauthorized Expenditure (*1959/60*) Ordinance, 1962, has been passed by the Provincial Council of Transvaal;

And whereas the State President-in-Council has, in terms of the provisions of section *eighty-nine* of the Republic of South Africa Constitution Act, 1961, assented to the said Ordinance;

And whereas power is vested in me by section *ninety* of the Republic of South Africa Constitution Act, 1961, to promulgate an Ordinance assented to by the State President-in-Council;

Now, therefore, I do hereby promulgate the said Ordinance, which is printed hereunder.

Given under my Hand at Pretoria on this Twenty-seventh day of March, One thousand Nine hundred and *Sixty-two*.

S. G. J. VAN NIEKERK,
Deputy-Administrator of the Province of Transvaal.

T.A.A. 3/1/52/6.

ORDINANCE No. 2 OF 1962.

(*Assented to on 24th March*, 1962.)

(*Afrikaans copy signed by the State President.*)

AN ORDINANCE

To apply a further sum of money towards the service of the Province of Transvaal during the year ended on the 31st day of March, 1960, for the purpose of meeting and covering certain unauthorized expenditure.

BE IT ENACTED by the Provincial Council of Transvaal as follows:—

Provincial Revenue Fund charged with R586,864.56

1. The Provincial Revenue Fund is hereby charged with the sum of five hundred and eighty-six thousand eight hundred and sixty-four rand and fifty-six cents to meet certain expenditure over and above the amount appropriated for the service of the Province for the year ended on the 31st day of March, 1960. Such expenditure is set forth in the Schedule to this Ordinance and is more particularly specified on page 28 of the Report (which has been submitted to the Provincial Council) of the Provincial Auditor on the accounts of the said year.

Short Title.

2. This Ordinance shall be called the Unauthorized Expenditure (1959-60) Ordinance, 1962.

SCHEDULE.

No. of Vote.	Title of Vote.	Amount.
	(On Revenue Account.)	R
1	General Administration	167,314.26
7	Nature Conservation	6,783.12
8	Library Services	4,796.02
9	Works	407,971.16
	TOTAL	R 586,864.56

No. 97 (Administrateurs-), 1962.]

PROKLAMASIE

DEUR SY EDELE DIE ADMINISTRATEUR VAN DIE PROVINSIE TRANSVAAL.

Nademaal die Ordonnansie op Addisionele Middele (1961/62), 1962, deur die Provinsiale Raad van Transvaal aangeneem is;

En nademaal die Staatspresident-in-rade ingevolge artikel *nege-en-tagtig* van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1961, in genoemde Ordonnansie toegestem het;

En nademaal by artikel *negentig* van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1961, aan my die bevoegdheid verleen word om 'n ordonnansie, waarin die Staatspresident-in-rade toegestem het, af te kondig;

So is dit dat ek hierby genoemde Ordonnansie, wat hieronder gedruk is, afkondig.

Gegee onder my Hand te Pretoria, op hede die Sewe-en-twintigste dag van Maart Eenduisend Negehonderd Twee-en-sestig.

S. G. J. VAN NIEKERK,
Waarnemende Administrateur van die Provinsie Transvaal.

T.A.A. 3/1/52/5.

ORDONNANNSIE No. 3 VAN 1962.

(*Toestemming verleen op* 24 *Maart* 1962.)

(*Engelse eksemplaar deur die Staatspresident onderteken.*)

'N ORDONNANSIE

Tot aanwending van 'n verdere bedrag van hoogstens R1,053,909 tot die diens van die Provinsie Transvaal vir die tydperk van die 1ste dag van April 1961 af tot die 31ste dag van Maart 1962.

DIE Provinsiale Raad van Transvaal VERORDEN, AS VOLG:—

Provinsiale Inkomstefonds belas met R1,053,909.

1. Die Provinsiale Inkomstefonds van Transvaal word hierby vir alle geldbedrae gedebiteer wat nodig mag wees vir die diens van genoemde Provinsie vir die tydperk van die 1ste dag van April 1961 af tot en met die 31ste dag van Maart 1962 tot 'n bedrag van altesaam hoogstens een-miljoen en drie-en-vyftigduisend negehonderd-en-nege rand bo en behalwe die bedrae waarvoor by die Middele (1961/62) Ordonnansie, 1961 (Ordonnansie No. 10 van 1961), voorsiening gemaak is:

Ter bestryding van normale of terugkerende uitgawe: R1,053,909.

Hoe geld aangewend moet word.

2. Die geld by hierdie Ordonnansie toegestaan, word aangewend vir die dienste vermeld in bygaande Bylae, en wat uitvoeriger uiteengesit word in die Begroting van Addisionele Uitgawe vir genoemde tydperk, soos deur die Provinsiale Raad goedgekeur.

Administrateur kan magtiging tot veranderings verleen.

3. Met goedkeuring van die Administrateur, handelende met die toestemming van die Uitvoerende Komitee, kan 'n besparing op enige subhoof van 'n begrotingspos beskikbaar gestel word vir 'n oorskryding van uitgawe op enige ander subhoof of vir uitgawe op 'n nuwe subhoof van dieselfde begrotingspos: Met dien verstande dat die bedrae wat voorkom in kolom 2 van die Bylae by hierdie Ordonnansie nie oorskry mag word nie, en dat besparings daarop vir geen ander doel aangewend mag word as dié waarvoor die geld hierby toegeken word nie.

Kort titel.

4. Hierdie Ordonnansie heet die Ordonnansie op Addisionele Middele (1961/62), 1962.

No. 97 (Administrator's), 1962.]

PROCLAMATION

BY THE HONOURABLE THE ADMINISTRATOR OF THE PROVINCE OF TRANSVAAL.

Whereas the Additional Appropriation (1961/62) Ordinance, 1962, has been passed by the Provincial Council of Transvaal;

And whereas the State President-in-Council has, in terms of the provisions of section *eighty-nine* of the Republic of South Africa Constitution Act, 1961, assented to the said Ordinance;

And whereas power is vested in me by section *ninety* of the Republic of South Africa Constitution Act, 1961, to promulgate an Ordinance assented to by the State President-in-Council;

Now, therefore, I do hereby promulgate the said Ordinance, which is printed hereunder.

Given under my Hand at Pretoria on this Twenty-seventh day of March, One thousand Nine hundred and Sixty-two.

S. G. J. VAN NIEKERK,
Deputy-Administrator of the Province of Transvaal.

T.A.A. 3/1/52/5.

ORDINANCE No. 3 OF 1962.

(*Assented to on 24th March*, 1962.)

(*English copy signed by the State President.*)

AN ORDINANCE

To apply a further sum of money not exceeding R1,053,909 for the service of the Province of Transvaal for the period from the 1st day of April, 1961, to the 31st day of March, 1962.

BE IT ENACTED by the Provincial Council of Transvaal as follows:—

Provincial Revenue Fund charged with R1,053,909.

1. The Provincial Revenue Fund of Transvaal is hereby charged with such sums of money as may be required for the service of the said Province for the period from the 1st day of April, 1961, to the 31st day of March, 1962, both days inclusive, not exceeding in the whole the sum of one million and fifty-three thousand nine hundred and nine rand in addition to the sums provided for by the Appropriation (1961/62) Ordinance, 1961 (Ordinance No. 10 of 1961):

To defray normal or recurrent expenditure: R1,053,909.

How money is to be applied.

2. The money appropriated by this Ordinance shall be applied to the services set out in the Schedule hereto and more particularly specified in the Estimates of Additional Expenditure for the said period, as approved by the Provincial Council.

Administrator may authorize variations.

3. With the approval of the Administrator, acting with the consent of the Executive Committee, a saving on any sub-head of a vote may be made available to meet excess expenditure on any other sub-head or expenditure on a new sub-head of the same vote: Provided that no excess shall be incurred on the sums appearing in column 2 of the Schedule to this Ordinance, nor shall savings thereon be available for any purpose other than that for which the money is hereby granted.

Short title.

4. This Ordinance shall be called the Additional Appropriation (1961/62) Ordinance, 1962.

BYLAE.

No. van Begrotingspos.	Diens.	Kolom 1.	Kolom 2.
		R	R
1	Algemene Administrasie.....	79,577	—
	Met inbegrip van—		
	Ex gratia-terugbetaling aan die Joolkomitee van die Universiteit Witwatersrand ten opsigte van Vermaaklikheidsbelasting.....	—	795
2	Onderwys—Administrasie.....	75,250	—
3	Onderwys van Blanke Kinders..	737,300	—
4	Onderwys van Kleurling- en Asiatiese Kinders.....	137,900	—
5	Hospitale en Gesondheidsdienste	9,842	—
	Met inbegrip van—		
	Hulptoelae aan Alexandra-gesondheidsentrum.....	—	2,820
	Toelaes vir Tandheelkundige Skoolklinieke—		
	Germiston.....	—	1,100
	Roodepoort.....	—	5,190
	Kwytskelding van kontrakgeld verskuldig deur mej. B. M. Calverley.....	—	682
6	Paaie en Brûe.....	50	—
8	Biblioteekdienste.....	50	—
9	Natuurbewaring.....	13,840	—
	Met inbegrip van—		
	Hulptoelae aan Federale Ongediertebestrydingsvereniging.....	—	2,000
	Besoek van professor C. F. Brockman, Amerikaanse Dendroloog, aan die Transvaal.....	—	40
	Kwytskelding van gedeelte van kontrakgeld verskuldig deur dr. B. R. Allanson....	—	970
10	Plaaslike Bestuur.....	50	—
11	Werke.....	50	—
	TOTAAL.....R	1,053,909	

SCHEDULE.

No. of Vote.	Service.	Column 1.	Column 2.
		R	R
1	General Administration.....	79,577	—
	Including—		
	Ex Gratia refund to the Witwatersrand University Rag Committee in respect of Entertainments Tax.....	—	795
2	Education Administration.....	75,250	—
3	Education of European Children.	737,300	—
4	Education of Coloured and Asiatic Children.....	137,900	—
5	Hospitals and Health Services..	9,842	—
	Including—		
	Grant-in-Aid to Alexandra Health Centre.....	—	2,820
	Grants for School Dental Clinics—		
	Germiston.....	—	1,100
	Roodepoort.....	—	5,190
	Remission of Contract Fee due by Miss B. M. Calverley.....	—	682
6	Roads and Bridges.....	50	—
8	Library Services.....	50	—
9	Nature Conservation.....	13,840	—
	Including—		
	Grant-in-Aid to Federal Vermin Destruction Association.....	—	2,000
	Visit of Professor C. F. Brockman, American Dendrologist to the Transvaal.	—	40
	Remission of part of Contract Fee due by Dr. B. R. Allanson.....	—	970
10	Local Government.....	50	—
11	Works.....	50	—
	TOTAL.....R	1,053,909	

Wapen van die

Provinsie Transvaal

In Kleure

Groot ongeveer 11 duim by 9 duim.

PRYS:

12c per eksemplaar, posgeld ekstra.

Verkrygbaar by die Provinsiale Publikasiesmagasyn,

Posbus 2346, Pretoria.

The

Province of Transvaal

Coat of Arms

In Colours

Size approximately 11 inches by 9 inche

PRICE:

12c per copy, postage extra.

Obtainable from the Provincial Publications Store,

P.O. Box 2346, Pretoria.

Koop Nasionale Spaarsertifikate

Buy National Savings Certificates

Die Staatsdrukker, Pretoria. | The Government Printer, Pretoria.